Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Janice Conradie**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Janice.Conradie@westerncape.gov.za | 021 815 8459

**BYLAE A**

**Bykomende belangrike inligting**

1. **Inskrywingsvereistes**
   - Alle opstelle moet in Engels ingedien word.
   - Alle opstelle moet getik wees.
   - Die titel van die opstel moet op die eerste bladsy van die opstel verskyn.
   - Die getal woorde waaruit die opstel bestaan, moet op die eerste bladsy aangedui word.
   - Al die bladsye moet genommer wees.
   - Die leerder se naam en dié van die skool moet op die voorblad van die opstel verskyn.
   - Die bronne in die bronnelys moet volgens die styl van die *American Psychological Association* of die Harvard-styl gelys word.
   - Die opstel, bronnelys uitgesluit, moet uit 2 200 tot 2 500 woorde bestaan.

2. Die mondelinge voordrag vorm deel van die totale punt van die kompetisie en moet tydens die finale beoordeling in Engels by die skool aangebied word.

3. **Die volgende dokumente moet elke inskrywing vergesel:**
   (a) Voltooide inskrywingsvorm
   (b) Nagesiende opstel en voltooide assesseringsrubriek
   (c) 'n Gewaarmerkte afskrif van die deelnemer se Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of geboortesertifikaat
   (d) n Gewaarmerkte afskrif van die deelnemer se Graad 10-uitslae, asook die Graad 11-uitslae tot en met Junie van die graad 11-jaar
   (e) 'n Verklaring van egtheid
   (f) Bewys van ouers/voogde se gesamentlike inkomste.

4. **Tydraamwerk van die kompetisie**

4.1 Finale datum waarop opstelle by die sameroeper by die skool ingedien moet word: **27 Augustus 2026**
4.2 Beoordeling by skole: **30 Augustus tot 03 September 2026**

4.3 Indiening by distrikskantoor: **10 September 2026**
Adresseer die koevert soos volg:
Vir die aandag van: Vakadviseur: Ekonomie
(*Provincial Treasury–DEDAT–WCED Bursary Competition*)

4.4 ’n Aangestelde paneel sal gedurende Oktober 2026 die beoordeling op distriksvlak doen.

4.5 Die 10 beste inskrywings per distrik (beperk tot twee inskrywings per skool) moet teen **16 Oktober 2026** by die Adjunk-hoofonderwyskundige: Ekonomie by die Hoofkantoor van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ingedien word.

4.6 Finaliste sal in Februarie 2027 deur ’n paneel gekies word.

4.7 Onderhoude sal met die finaliste gevoer word en wenners sal op ’n Vrydagmiddag en Saterdag in April/Mei 2027 bekendgemaak word.

## 5. Beoordelingsinligting

### 5.1 Belangrikste kriteria

5.1.1 Die fokus van die kompetisie is op akademiese uitnemendheid en elke leerder se potensiaal.

5.1.2 Opstelle sal hoofsaaklik op meriete beoordeel word.

5.1.3 Opstelle met dieselfde meriete sal verder geëvalueer word. Die volgende kriteria sal hiervoor gebruik word:

- akademiese uitslae (Graad 10-uitslae en Graad 11-uitslae tot en met Junie van die graad 11-jaar)
- leerder se finansiële behoeftes, gebaseer op ouers of voogde se huishoudelike inkomste
- gestremdhede (gelyke geleenthede sal in ag geneem word)
- leerder se gemeenskapsbetrokkenheid en hul verbintenis om die land se sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek

### 5.2 Bykomende kriteria

Die finale beoordelingspaneel sal onderhoude voer met die finaliste om die wenners te bepaal. Elke leerder sal aan die hand van die volgende kriteria geëvalueer word:

(a) intellektuele sprankel
(b) vermoë om ’n rasionele argument te verwoord en oor te dra
(c) kennis en begrip van huidige sosio-ekonomiese kwessies.

## 6. Algemene inligting

6.1 Die beste opstelle uit die totale getal wat ingedien is, sal as finaliste gekies word.

6.2 Alle finaliste sal gaste wees van die Wes-Kaapse Regering en daar sal van hulle verwag word om al die geleenthede wat gereël is, by te woon.

6.3 Vervoer en huisvesting mag nodig wees weens die feit dat beoordelingsessies en die toekenningseremonie in persoon bygewoon moet word. Die koste van vervoer en huisvesting vir deelnemers uit landelike distrikte sal, waar van toepassing, gedek word.


top EMPLOYER South Africa 2026 FOR A BETTER WORLD OF WORK

6.4 Daar word van opvoeders verwag om as mentors vir leerders op te tree deur leiding en ondersteuning te bied tydens sessies wat deelnemers in persoon moet bywoon. Die koste van vervoer en huisvesting vir opvoeders uit landelike distrikte sal, waar van toepassing, ook gedek word.